www.koedoepark.co.za

KOEDOEPARK TENNISKLUB

KAMPIOENSKAPPE 2017

1. Alle lede moet hul inskrywings op die amptelike inskrywingsvorm aan die kampioenskaporganiseerders van die Tennisklub voor **SATERDAG, 14 JANUARIE 2017** oorhandig. Wedstryde begin op **SATERDAG, 28 JANUARIE 2017**. Afhandelingsdatum: **5 Maart 2017.**

2. Die Komitee behou die reg voor om enige items te kanselleer indien nodig geag, byvoorbeeld as gevolg van te min inskrywings vir ‘n spesifieke item.

3. Alle items sal op ‘n uitklopgrondslag gespeel word, behalwe die enkels-afdelings waar backdraws gespeel word, tensy die Komitee anders besluit as gevolg van die aantal inskrywings per item.

4. Alle wedstryde bestaan uit die beste van drie sewe-punt valbylpotte en by die backdraws word `n tien-punt valbylpot gespeel in die plek van `n derde stel.

5. **SWAK LIG:**

   Die besluit berus by die Toernooiskeidsregter of:

   a) Spel voortgesit sal word onder spreiligte;
   b) Spel die daaropvolgende Saterdag/Sondag voortgesit sal word.

6. Die Toernooiskeidsregter se beslissing is finaal.

7. Wedstryde sal gespeel word vanaf **8:00** op Saterdae en kan na Sondae geskuif word agv rëen of die hoeveelheid backdraws. Om die kampioenskappe te beperk tot vyf (5) naweke wil ons graag slegs enkelswedstryde op **Sondae-oggende** te bepaal indien nodig. Spelers sal eers geraadpleeg word oor beskikbaarheid maar almal se samewerking sal baie waardeer word.

8. **Slegs enkelspel**-wedstryde kan gedurende die week afgehandel word indien `n speler nie beskikbaar is vir die bepaalde Saterdag nie. Die speler wat nie vir die bepaalde Saterdag beskikbaar is nie, moet **self** reël vir die afhandeling van die wedstryd gedurende die week asook die verskaffing van **drie nuwe balle** (dieselfde soort bal soos

gebruik in die kampioenskappe) op **eie onkoste**. Die organiseerder van die kampioenskappe moet vooraf in kennis gestel word. Alle **semi-finale-** en **finale** wedstryde moet op die bepaalde Saterdag gespeel word.

9. Indien `n speler werk op Saterdae tot 12:00 of later, word hy/sy beperk om vir **maksimum drie (3)** items in te skryf.

10. **SATERDAG-AF :**

Elke speler is geregtig om **een (1)** Saterdag vrystelling te kry van wedstryde.

a) As die "Saterdag-af" reeds geneem is, is `n mediese sertifikaat vir vrystelling van `n verdere Saterdag nie geldig nie.
b) Indien `n "Saterdag-af" nog nie geneem is nie en `n mediese sertifikaat word ingedien vir vrystelling van `n Saterdag, sal die Saterdag van vrystelling ook geag word as die "Saterdag-af".
c) Mediese sertifikaat moet op die laatste die Vrydag voor die betrokke Saterdag van spel ingedien word om te kwalifiseer vir die "Saterdag-af". Geen mediese sertifikaat sal aanvaar word op die betrokke Saterdag van spel nie.
d) Geen "Saterdag-af" sal toegestaan word op die **laaste drie (3)** Saterdae van die beplande afhandelingsdatum van die kampioenskappe nie.
e) "Saterdag-af" moet voor Maandagaand 24:00 aan die toernooi-organiseerder bekend gemaak word.
f) Indien `n speler vir **minder as vyf (5)** ure beskikbaar is op `n Saterdag, sal dit geag word as die speler se "Saterdag-af".
g) Indien `n speler reeds sy "Saterdag-af" geneem het en hy/sy nie beskikbaar is vir ten minste vyf (5) ure op `n Saterdag nie, berus die diskresie by die Kampioenskapkomitee om die bepaalde wedstryd/e te herskeduleer of prys te gee. Die Kampioenskapkomitee se besluit is finaal.

11. Indien `n speler gedurende of na sy eerste wedstryd beseer/siek is en nie die oorblywende bepaalde wedstryd/e vir die spesifieke Saterdag kan speel nie, sal hy/sy die bepaalde wedstryd/e prysgee.

12. 'n Program van die bepaalde wedstryde sal **DINSDAE** op die kennisgewingbord aangebring word. Deelnemers mag die kampioenskaporganiseerders skakel om vas te stel of hulle speel.

S Hendriks	**J Jacobs**	**J van Heerden**
073 515 6803	**083 388 4846**	**082 926 3700**

13. Alle deelnemers moet bereid wees om as skeidsregters en lynregters op te tree.

14. `n Maksimum van **DRIE** wedstryde op 'n Saterdag kan deur `n speler gespeel word waarvan slegs een `n enkelswedstryd sal wees. **Wedstryde sal SLEGS herskeduleer word a. g. v. weersomstandighede of swak lig.** Sien ook par. 5 hierbo.

15. **'n Balfooi van R120,00 per speler is betaalbaar saam met inskrywingsgeld. Inskrywingsgeld beloop R40,00 per item.**

16. Indien ‘n speler sonder ‘n maat vir die dubbels-item inskryf, sal die Komitee ‘n maat voorsien indien moontlik.

17. Alle kampioenskapfooie **MOET** betaal word voor of op die sluitingsdatum, **SATERDAG, 14 JANUARIE 2017.**

18. Slegs mans bo 50 jaar en dames bo 45 jaar kwalifiseer vir die veteraan-item.

19. Spelers moet wedstryde speel sonder om onnodige tyd te verkwis. Slegs vyf (5) minute sal toegelaat word om op te warm. Enige speler wat meer as vyftien (15) minute laat opdaag **volgens die kampioenskaphorlosie in die klubhuis** vir ‘n bepaalde wedstryd sal sodanige wedstryd prysgee. Die Toernooiskeidsregter beskik oor die diskresie om spelers wat werksverpligtinge het, die nodige grasie te verleen na vooraf reelings met die Toernooiskeidsregter.

20. Die kampioenskapkomitee sal waar moontlik poog dat enkelspelwedstryde eerste gespeel word, maar indien nie moontlik, sal die spelers hul berus by die volgorde van die wedstrydbepalings.

21. **GEDRAGSKODE VIR SPELERS**

21.1 Elke speler moet hom / haarself te alle tye tydens wedstryde en binne die omstreke van die kampioenskappe op ‘n aanvaarbare wyse gedra.

21.2 Kleredragreëls van GNTA vir ligas is van toepassing. Indien daar enige twyfel bestaan oor die aanvaarbaarheid van kleredrag, berus die finale beslissing by die skeidsregter. Enige speler wat die dragkode oortree, kan deur die skeidsregter aangesê word om te gaan verklee. Weiering om aan die versoek te voldoen, kan lei tot diskwalifisering.

21.3 Wangedrag op die baan sal tot gevolg hê dat die Hoofskeidsregter ‘n speler waarsku, ‘n tweede oortreding sal lei tot ‘n strafpunt en ‘n derde oortreding tot diskwalifisering. Hierdie reël is van toepassing op die volgende oortredings:

a) Onredelike vertragings
b) Hoorbare onwelvoeglikheid
c) Sigbare onwelvoeglikheid
d) Misbruik van tennisballe
e) Misbruik van toerusting
f) Skeltaal
g) Fisiese mishandeling
h) Onsportiewe gedrag

22. Geen sellulêre telefone sal op bane toegelaat word nie.

23. ***LET WEL!!!*** Ingevolge ‘n wysiging van die Grondwet van die Klub, goedgekeur deur die Algemene Jaarvergadering gehou op 19 September 1998, ***SAL GEEN SPELER DEELNEEM AAN DIE KAMPIOENSKAPPE INDIEN SY LEDEGELD NIE*** opbetaal is nie***.***

24. Indien `n speler `n Saterdag/Sondag `n enkels-wedstryd moet prys gee, sal hy/sy toegelaat word om die volgende Saterdag/Sondag verder deel te neem aan die backdraw.

25. Slegs die toernooiskeidsregter/organiseerders word op- of naby die bane toegelaat vir die duur van die kampioenskappe vir `n besering of `n dispuut. **Voorbeeld:** Koeldranke word by die hek neergesit, **GEEN** verbale kommunikasie met spelers word toegelaat nie. **GEEN** instruksie, verbaal of nie-verbaal, sal toegelaat word van die toeskouers nie. Daar sal volgens ITF-reels opgetree word indien bogenoemde reels oortree word.

Toernooiskeidsregter: Soné Hendriks - 073 515 6803

www.koedoepark.co.za

KAMPIOENSKAPPE 2017

SLUITINGSDATUM: 14 JANUARIE 2017
BEGINDATUM: 28 JANUARIE 2017

ITEM	JA/NEE	MAAT	PER RAKET
OPE AFDELING			
MANS ENKELS			R40.00
DAMES ENKELS			R40.00
MANS DUBBELS			R40.00
DAMES DUBBELS			R40.00
GEMENGDE DUBBELS			R40.00
B-AFDELING			
MANS DUBBELS			R40.00
DAMES DUBBELS			R40.00
GEMENGDE DUBBELS			R40.00
VETERANE-AFDELING			
GEMENGDE DUBBELS			R40.00

Is jy bereid om op Sondae wedstryde te speel ? JA/NEE (skrap wat nie van toepassing is nie)

TEL NR -TUIS: (_____) _____WERK: (_____) _____

EK ONDERNEEM OM MY TE BEPAAL BY DIE REËLS NEERGELÊ DEUR DIE KOMITEE.

NAAM IN DRUKSKRIF: _____

GETEKEN: _____DATUM_____